Brahman

4 Oktober 2013

Nuusbrief 5/2013

Geagte Lid

1. BRAHMANHUIS / BLOEMFONTEIN:

As Raad en Telers kan ons werklik baie trots wees op ons nuwe gebou. Op Maandag 23 September 2013 het ons, ons nuwe gebou amptelik geopen. Dit was voorwaar 'n hoogtepunt in ons geskiedenis. Ons gebou pas by ons beeste, (die beste) die afwerking is puik. Die ingeboude kaste, raadsaal, vloere, kantore is alles vyfster! Hiermee wil ons graag al ons telers nooi om mede-telers hier te kom ontmoet of sommer net koffie/tee te kom geniet saam met die personeel, by ons nuwe kantore.

Ons gebou het R3.4 miljoen gekos. Alles is kontant betaal.

Dit is belangrik dat u weet die R33 000 huur per maand van die ou gebou is iets van die verlede.

Ons sluit vir u weereens 'n paar foto's in.

2. KOMITEES:

Die Organogram van die nuwe komitees vir 2013/2014 heg ons aan vir kennisname. U sal sien dat ons werklik kundige telers genooi het om saam met ons Raadslede die verskillende portefeuljes te hanteer.

Indien u as telers vir ons wenke het wat ons ras vorentoe kan neem, kontak gerus ons komiteelede en deel u idees met hulle.

3. LRF–LEWENDEHAWE REGISTRERENDE FEDERASIE/ ("LIFESTOCK REGISTERING FEDERATION")

Mnr. Wessel Hattingh het vir ons uitstekende werk gedoen by die LRF. Hy tree Februarie 2014 uit. Ons sê dankie vir Wessel vir al sy tyd by die LRF en Stockman School. Die Raad het Mnr. Wayne Porter gekies om ons in die toekoms by die LRF te verteenwoordig.

BRAHMAN Beestelersgenootskap | Cattle Breeders' Society

Tel: +27 51 446 4619 / 3452 • Fax: +27 51 446 3148 info@brahman.co.za • www.brahman.co.za

4. LOUIS MEYER

As Raad wil ons vir Mnr. Louis Meyer bedank vir sy insette en tyd as Raadslid en Voorsitter van Rasverbetering, asook lid van die Finansiële Komitee. Jou entoesiasme vir die Ras het ons altyd beïndruk.

5. BEGROTINGS

Graag wil ons, ons lede inlig dat elke komitee op ‘n baie streng begroting werk, wat eers deur die hele Raad goedgekeur moet word. Ons vra weereens ons lede om asseblief hulle rekeninge te betaal. Ons begroting word volgens heffingsgelde opgestel. As 20% van die lede nie hulle rekeninge betaal nie, dan veroorsaak dit ‘n tekort op ons begroting. Waar bespaar ons eerste:

- Rasverbetering;
- Promosie / Bemarking.

6. NAGRAADSE STUDENTE

Ons Proefneming om ‘n student ‘n beurs te gee om vir een jaar by die Genootskap te werk was ‘n reuse sukses. Mnr. Jan van Zyl (Junior) het uitstekende werk gedoen en werklik waarde toegevoeg tot die Brahmans. Sy tyd is amper verstreke en eindig 31 Desember 2013, maar ons gaan hom in diens hou tot na die Wêreldkongres.

Ons nooi alle lede wat kinders het wat nagraads by ons vir een jaar wil kom werk vir opleiding en ondervinding om asseblief hulle aansoeke voor of op 30.10.2013 vir 2014 in te dien. Die keuring word gedoen voor 15 Desember 2013.

7. “BILL BOARDS”

Die Raad is trots op ons eerste borde wat op Nasionale paaie vertoon word. Die eerste een is alreeds opgerig op die N1 naby Potgietersrus. Dankie vir Mnr. Willem Barnard. Twee ander borde is ook opgerig by die N17 en op die N4 is in die vervaardigingsproses. Die ander vier sal opgerig wees voor 30 Oktober 2013. (So Terloops: Om so ‘n bord te maak en op te rig kos naastenby dieselfde as een volkleur / volblad advertensie in die Landbouweekblad). Die borde word betaal uit promosiefondse.

8. NUWE BANIERE

Ons is tans besig met ‘n stel nuwe baniere wat gebruik gaan word by Boeredae en Skoue. U sal werklik trots wees op ons nuwe modelle. Ons ou baniere het vergelyk met 1939 Fords.

9. BREEDPLAN

Ons wil ons telers werlik aanmoedig om meer betrokke te raak en deel te neem aan Breedplan. Ons weet dat Breedplan net so belangrik is as die boer se oog en bestuur, ook weet u en ek dat Genotipiese- en Fenotipiese seleksie ook baie belangrik is. Maar om nog vinniger te vorder met ons kudde moet ons ook "MEET OM TE WEET".

Die nuutste toevoeging is:

- "Genomics Funding;
- Routine Reports;
- Monitoring of data credibility;
- Breedplan traits: (Easy to measure)
  a) Docility; and
  b) Sheath / naval, udders, teats;
- DNA;

" and many more"

Ons gaan u gereeld op hoogte hou van vordering en beplanning met nuusbriewe in die Joernaal.

10. KEURING

Die onderwerp is weer aan ons voorgelê by die Jaarvergadering deur Mnr. Henry Britz. Ons gaan twee kuddes in elke streek kies (vrywillig) om die nuwe keurkaartmodel in die kuddes te toets. Die keurders sal wees:

- Een beoordelaar
- Die teler self
- Genomineerde deur die Teler
- Zietse Smit

As die 10 kuddes gekeur is, sal ons verslae van bogenoemde terug ontvang. As dit positief is sal die Raad u volledig inlig. LW: Op hierdie stadium word verpligte keuring nie oorweeg nie. Dit kan alleenlik deur 'n Algemene Jaarvergadering besluit word.

11. ME WILMA VAN ZYL

Ons wil graag vir Me Wilma van Zyl bedank vir haar onbaatsugtige diens wat sy vir ons by die Pretoria skou gelewer het. Sy het ons vir die afgelope agt jaar op die beeste komitee verteenwoordig. Saam met Mnr. Stephan Coetzee het sy puik werk gedoen. Ons dank u daarvoor en is jammer dat ons u dienste uit bogenoemde komitee verloor.

12. NASIONALE VEILING

Ons as Raad is werklik bekommerd dat ons veiling nie die heel beste beeste lok vir die Nasionale veiling nie. Jaarliks moet ons die reëls aanpas of buig om genoeg beeste te kry. Ons Nasionale veiling moet die vlagskip wees van al die telers. Kom ons steek 'n slag ons hand in eie boesem en besluit self: Ondersteun ek die Nasionale veiling halfhartig, of glad nie, of gee ek my trots van my kudde vir die Nasionale veiling en my mede telers.

13. "HALL OF FAME"

Die Raad het 'n komitee aangestel wat bestaan uit Mnre.

1. Wessel Hattingh
2. Piet Lűneburg
3. Bill van Lelyveld
4. Theo Dicke
5. Llewellyn Labuschagne

Hulle gaan 'n volledige studie doen en aanbevelings maak ten opsigte van telers wat kwalifiseer vir die "Hall of Fame". Al is die voorgestelde kandidate alreeds oorlede, kan hulle ook in aanmerking kom. Ons hou u op hoogte.

14. WÊRELDKONGRES

Ons Kongresreëlings is byna 100% in plek. Ons is tans besig met die implimentering van die reëlings. Het u al geregistreer? Gaan u deel wees van die verrigtinge? Ons wil graag hê dat al 420 telers deel moet wees van ons Kongres. As u nie met Halter of Nie-Haltermak diere wil skou nie, skryf dan self in om die verrigtinge by te woon. Dit is u Kongres. Ons sal in 40 jaar nie weer so 'n geleentheid kry nie. Kom deel saam met ons. Kom ons maak dit die grootste kuier in 60 jaar. Ons het al ons telers nodig, elkeen van u is net so belangrik as u medeteler.

Op hierdie hoë noot, sluit ek af.

Brahman Groete.

Llewellyn Labuschagne: President